Jaarverslag:

Drakensberger Beestelergenootskap

2013

Die Winsbees
The Profit Breed

JAARVERSLAG DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP 2013

INLEIDING

Genetika, genomika, genetiese profiele, genetiese merkers vir gunstige en ongunstige eienskappe. Wat daarvan? Hoe belangrik is dit regtig gegewe Suid Afrika se unieke boerdery omstandighede? Enige nut vir bestaansboere? Deur die voorsiening van teelmateriaal aan opkomende boere deur telersgenootskappe wat die beginsel ondersteun en dit eksploreer. Wie behoort die finansiële verantwoordelikheid daarvoor te dra? Die regering sekerlik. Gaan dit realiseer? Op hierdie stadium onmoontlik om te weet.Vir ons unieke beesras is dit egter 'n wonderlike geleentheid om suiwer genetika te evalueer en om selfs gunstige eienskappe te identifiseer en te ontwikkel tot ons eie voordeel.

2013 het die wêreld geskud, Somaliërs veg onverpoosd, Sirië erken hulle het chemiese wapens, die Russe keer laat dit bars, netnou sê Sirië waar hulle die wapens gekry het ! Met die Drakensbergerstelers het dit oor die algemeen gesien, goed gegaan. Sommige lede is ontmoedig deur bloedbek veilings , sommige was tevrede en sommige het die beste veilings van hulle lewens gehad.

Dankbaarheid vir die bees waarmee ons onsself vereenselwig is 'n gemeenskaplike faktor, dankbaar vir die gehardheid, vir die erkende moeders eienskappe, vir die groei en vir die verwagte en bekende herstel na die winter. Verseker ook vir die herstel na die ergste droogte in baie dekades in sommige dele van die land. Met die opstel van hierdie verslag het die reën nog nie sy opwagting gemaak nie en is die vlakke van bekommernis deur die bogrens van normaal. Die "Dans van ons suster" sal 'n welkome gesig wees.

Vleispryse was deur die hele jaar onder druk en die produsent word gekniehalter deur die grootskaalse invoer van vleis, bees, skaap en bok, vanaf buurlande. Hoendervleis invoere en sekere snitte vanaf kompeterende lande land by ons hawens sonder moeite, die invoer belemmer die produsent wat vanaf die grond 'n sinvolle bestaan moet maak. Invoertariewe is verhoog en dit sal die prys van hoender vir die verbruiker verhoog, miskien skep dit die deursigtigheid om rooivleis, veral beesvleis, as die proteinbron van voorkeur te promoveer. Speenkalfpryse was laag gehou deels ook weens die invoer, of die toelaat van die oorgrens vervoer van duisende speenkalwers vanaf ons buurlande. Dit affekteer die vooruitgang van ons eie beesboere, wat vasgevang is in netto inkomste vermindering van sowat 19% per annum, globaal gesien.

Met boere wat slegs kernkuddes oorgehou het in die droogtegebiede, is daar sekerlik die potensiaal van goeie pryse vir die Drakensbergerteler. Bemarking bewerkstellig belangstelling, belangstelling lei tot teenwoordigheid, teenwoordigheid tot deelname, deelname realiseer kapitaal.

KANTOOR EN PERSONEEL

Die funksionering van die Genootskapskantoor is ’n groot verantwoordelikheid wat grootliks in die hande gelaat word van Me Stienie Steenkamp as enigste administratiewe persoon in die kantoor vir groot dele van die jaar. Dit skep unieke uitdagings. Uitdagings wat te bowe gekom word en daar word telkens strategieë beplan om toekomstige soortgelyke situasies makliker te hanteer. Die administratiewe funksies word baie effektief hanteer , met die finansiële sake van die Genootskap deursigtig en duidelik uiteengesit. Haar noukeurige opvolg en versoeke tot lede is grootliks daarvoor verantwoordelik dat die debiteureboek goed daarna uitsien. Jou rol in die effektiewe funksionering van die Genootskap word baie waardeer. Baie dankie daarvoor.

Aan Johanna Mhlambo wat deurgaans getrou diens doen , baie dankie en sterkte.

LEDE

Dit is met leedwyse dat ons hierdie jaar moes afskeid neem van een van ONS GROTES, Pierre Uys. Wat ‘n voorreg om ‘n kraal met hom te kon deel , om sy fyn oog te kon waarneem en om by hom te leer. Die voortsetting van die UYS betrokkenheid by Drakensbergerbeeste is ‘n voorreg en is dit met trots dat die keurders heropleiding vir die afgelope paar jaar plaasvind op Gryshoek, waar die herinneringe is, maar ook die tradisie. Inderdaad ‘n voorreg.

Daar is lewendige belangstelling onder bestaande lede, ook entoesiasme onder belangstellendes, inderdaad uniek gesien in die lig van tanende belangstelling onder sommige ander beerrastelers. Dit is goed so. Dit is dan ook ‘n voorreg om te noem dat daar wel ’n lid vanuit die kommersiële telerskorps gekoöpteer is om op die Raad te dien. Gert du Preez het hom in Aprilmaand by die Raad aangesluit en ons sien uit na vars idees en aksies in samewerking mat die stoettelers, geinisieer deur die kommersiële telers. Gert is dan reeds aktief betrokke en het die inskrywing vir die Ultimate Beef Challenge persoonlik gaan aflaai.

NUWE LEDE AANGESLUIT

Stoet

R du Preez, J van Loggerenberg, A Stevens en dr FJ Barnard.

Kommersieël

TD Smit, J van Jaarsveld, JS Griessel en JF du Toit.

BEDANKINGS

Stoet

B de Beer, CF Lourens en Chrisjan Boerdery

Ander

Adendorff JH

Oorlede

PWB Uys

Getal lede vergelykende syfers

	2011	2012	2013	Toename/Afname
Stoetlede	85	77	78	+1
Spesiale lede	18	6	7	+1
Ere lede	4	6	6	
Kommersiële lede	20	25	28	3

PRESTASIES VAN LEDE

Hierdie is die geleentheid om die absolute toewyding van lede te erken, om bekend te maak wat teeldoelwitte bewerkstellig het, om toegewyde teling se eindresultaat in aksie te sien. Wat 'n voorreg om aan sulke individue erkenning te gee vir die prestasies wat deur hulle diere behaal is deur die jaar 2013.

Bloemfontein skou 2013

Carel Nel - Verteenwoordig die Groeitoets klas - CL110026

Roy Ferguson – Elité Platinum koei TTT990035

Gawie Goux - Platinum bul GR100268

Lente skou te Pretoria 2013

Neuman Broers – Elité Platinum koei HN010087

Gawie Goux – GMP Basic Platinum bul GR100248

S P Fourie – LNR Platinum bul SP 10 0007

Neuman Broers as Molatek se Veeboer van die Jaar.

Logix Vleisbees Forum

Gawie Roux - Vrystaat Voorsitter en Nasionale Onder-Voorsitter

Magiel Blom - Noord-streek Voorsitter

Rekord pryse behaal in 2013

Neuman Broers - vir die bul NH090023 R345 000.00 koper AJ & JC Cronje Trust.

Neuman Broers – vir 'n dragtige koei met kalf R36 000.00 koper J S Davel.

Positiewe ouerskapverifikasie SA Stamboek (1ste maal)

Carel Nel (2012)

Johan van Tonder (2012)

Buffalo Valley Farms (2013)

Betrokkenheid in die bedryf

Gawie Roux	-	Onder voorsitter van RPO in die Vrysraat
S P Fourie	-	Lid van die RPO in Noordwes
Carel Nel	-	SA Stamboek
Freddie Wasserfall	-	SA Stamboek

Opsommende Reproduksie Statistieke soos op

1 Julie 2013

VEEGETALLE

	2011	2012	2013	Toe-/Afname
MANLIK	3 713	3 812	3 592	-220
VROULIK	9 863	10 302	10 031	-271
GEBOORTES	4541	3498	3158	-340
LAAT GEBOORTES		450	800	+350

VERSPREIDING VAN VEEGETALLE

STREEK	2011	%	2012	%	2013	%
VRYSTAAT	4 521	33.3	4 644	32.9	4 634	34
MPUMALANGA	4 050	29.8	4 098	29	4 108	30

STREEK	2011	%	2012	%	2013	%
KWAZULU-NATAL	1 615	11.9	1 670	11.8	1 230	9
NOORD-WES	1 163	8.6	1 326	9.4	1 053	7.7
NOORD-KAAP	1 013	7.5	1 070	7.6	1 017	7.5
GAUTENG	927	6.8	935	6.6	742	5.6
OOS-KAAP	112	.8	102	.7	480	3.6
NAMIBIA	121	.9	165	1.2	218	1.6
MOSAMBIEK			51	.4	70	.5
AUSTRALIË	52	.4	55	.4	68	.5
TOTAAL	**13574**	**100**	**14116**	**100**	**13 620**	**100**

Uit bogenoemde statistiek is dit duidelik dat die Oos Kaap betekenisvolle groei getoon het , met afnames in Noord Wes en Gauteng . 'n Bydraende faktor is dat die streke volgens geografiese grense ingedeel is.

KLUBS

Dit word al meer duidelik dat daar verandering moet kom in die aanbiedings van klubs in sekere gebiede. Geografies sien die Drakensberger korps anders daarna uit as 'n klompie jare gelede en sal die struktuur en samestelling van bestaande klubs en groepe onder oë geneem moet word. Gesamentlike aksies is 'n sterker basis vir reklame, individuele veilings word egter die norm en affekteer klubveilings sodanig dat tradisionele veilings in die gedrang kom. Sigbaarheid in geografiese gebiede is egter noodsaaklik en alle reklame aksies is tot voordeel van die ras, hetsy individueel of klub- of groepverband. Dit sal die moeite loon om te besin oor die samestelling en aanbieding van veilings in die jare wat kom. Internet deelname aan veilings sal deur die afslaershuise implementeer moet word, dit skep ruimte vir verkope deur individue wat tydsgebonde is.

RAAD EN DAGBESTUUR

Die Raad vir 2013 het bestaan uit die volgende lede:

Johann Fourie –President en dien ampshalwe op al die komitees

Magiel Blom- Vise President en lid van die dagbestuur.

Willie Landman - Dagbestuurslid en reklame, finansies en begroting.

Rodney Neuman – Lid van die dagbestuur, finansies.

Johan Uys – Verantwoordelik vir die streek Mpumalanga en instandhouding van die kantoor, ook vir die reel van 'n inligtingsdag in Mpumalanga.

Fanie van Dyk - Nampo en betrokke by die Karoo streek in samewerking met Johannes Retief.

Carel Nel – Beoordeling en keurders opleiding en handhawing.

Edwin Schroeder – Verantwoordelik vir die Natal streek en vir die reel van 'n inligtingsdag in daardie streek.

Gawie Roux – Tegniese komitee.

Hannes Dreyer – Koöpteerde lid en adviseur.

Gert du Preez – Koöpteerde lid vir kommersiële skakeling.

Weereens my dank en waardering aan die Raadslede wat vergaderings getrou bygewoon het en met groot ywer vir u saak gewerk het. Baie sake is telefonies en per epos hanteer vir vinnige afhandeling. Sake wat deur die jaar aandag geverg het was: reklame, DVD, keurings, beskermhere, finansies, voerkraal- Stamboek en data- en administratiewe aangeleenthede, korrespondensie, ledebelange, nasionale veiling, nuusbriewe, navorsing, uitstallings en tegniese sake. Ons het Lizette Vermaak aan boord geneem om te help met borge werwing. Dr Hannes Dryer is as veekundige op die Raad ko-opteer en het alreeds 'n reuse bydrae gelewer tot die verbetering van die DRAKENSBERGER beesras. Dankie daarvoor. Gert du Preez is ook gekoöpteer as Raadslid gemoeid met en as skakel tussen die kommersiële telers en die stoettelers en daar is groot optimisme vir 'n sterk gesamentlike samewerkingsverhouding tot voordel van die ras. Die "Ultimate Beef Challenge" was 'n groot geleentheid en het die Drakensberger gevestig as top inheemse vleisbees. Die Drakensberger was ook die "vleis van die maand" vir Maart 2013 by die Local Grill in Parktown Noord. Die Veekundige Beraad het plaasgevind op die 16 de Julie 2013 te Vrede waarby uitmuntende Veekundiges betrokke was en duidelike gevoelens en tendense is identifiseer. Die samevatting van die Veekundige Beraad sal in die volgende nuusbrief verskyn en bied interessante leesstof. Dit is altyd nodig om die grense te toets , indien dit voordeel bied, implementeer veranderinge.

Die volgende vergaderings is deur deur die jaar 2012/2013 gehou:

Keurders vergadering en opleiding	- 1
Raadsvergaderings	- 5
Dagbestuur	- 4 en heelwat telefoniese samesprekings en eposse.

FINANSIËLE KOMITEE

Dankie aan Willie Landman, Rodney Neuman en Edwin Schroeder vir die bestuur van ons finansies en begroting. Ons kon vanjaar, danksy goeie beplanning, 'n model in werking stel om 'n glyskaal te gebruik om die per kapita fooi te bereken. Hierdie is die begin van aanpassings deur die Raad jeens die stoetteler, wat op hierdie stadium deur die glyskaal die groter kuddes vriendeliker hanteer en as stimulasie dien om selfs 'n bietjie meer beeste te akkommodeer. Dit is die harde werklikheid dat ons as boere onder geweldige finansiële druk verkeer en dit geld ook vir die administrasie koste van die kantoor en personeel. Die hele

finansiële posisie van die Genootskap word tans evalueer en dit mag wees dat veranderinge implementeer moet word om die funksionering van die Genootskap meer vaartbelyn te maak.

Dankie aan elkeen wat sy/haar verpligtings getrou nakom en ook die nodige reëlings tref betreffende u rekening. Die Genootskap behoort aan die lede en met elkeen se deelname kan ons sukses verseker.

'n Spesiale woord van dank aan Stienie vir die deeglikheid waarmee sy die finansiële aspekte hanteer. Dit is inderdaad 'n suksesverhaal en 'n konstante fokus van gemoedsrus.

KEURDERS EN KEURINGS

Groot verantwoordelikheid rus op die skouers van die keurders in die Genootskap en dit is met trots dat ek kan noem dat daar erns gemaak word met die instandhouding van keuringstandaarde. Carel Nel is verantwoordelik vi r hierdie aspek en was ook saam met Fanie van Dyk en Pikkie Uys die beskermhere tydens die Nasionale veiling 2013. Baie dankie vir julle onbaatsugtige diens.

Piet de Villiers, Willie Watermeyer, Grant Naude en Johannes Retief was betrokke by die opleiding van studente te Grootfontein Landbou Kollege. Ses van die studente het dan ook die minimum slaagvereiste van 80 % behaal , wat vir hulle die geleentheid bied om te begin deelneem aan keuringstoere onder leiding van 'n senior keurder en sy adjudant.

KEURDERS OPLEIDING EN EVALUASIE

Die Keurders vergadering en heropleiding het weereens hierdie jaar(2013) plaasgevind by die Genootskapskantoor en op Gryshoek. Geen skriftelike eksamen is geskryf nie , daar is wel vraelyste opgestel vir tuis invul en latere evaluasie. Die praktiese aspekte is in en om die kraal hanteer met bespreking van keuringsbeginsels deur die senior paneel, bestaande uit Carel Nel, Fanie van Dyk en Pikkie Uys. Die gevoel bestaan by my dat daar ten minste 'n halwe dag langer aan hierdie praktiese aspek spandeer moet word en versoek ek die Keurders en Raadslede om dit ten sterkste te oorweeg.

Die keuringstoere het grootliks sonder insident verloop en dit is met groot waardering dat ek my dank betuig aan die onbaatsugtigheid van elke individu wat n keuringstoer meegemaak het. Wat 'n aangename ondervinding. Magiel Blom moet spesifiek bedank word vir sy indeling van die toere, die samestelling van keurdersgroepe en koördinasie van gebeure.

OPSOMMING VAN DIE KEURINGS TOERE.

DIERE	2011			2012			2013		
	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%
Bulle	595	382	64	440	301	68.4	653	419	64.2
Verse	1311	954	72.8	1094	877	80.2	1275	1092	85.6
Hulp A	353	251	71.1	455	336	73.9	473	375	79.3

Totale kilometer gereis vir die keuringstoere is: 18 271 km

Tydens Spesiale keurings is daar ongeveer 4 850 kilometer gery om 650 diere te sien waarvan 470 gekeur is. Hierdie is vir prestasie getoetste diere en die datum van afsluiting van die toets is aan die teler bekend. Tog gebeur dit dat die versoek die kantoor bereik om so gou moontlik die keuring te behartig , 'n soms haas onmoontlike taak. Baie dankie aan keurders wat bereid is om op baie kort kennisgewing aan die versoek te voldoen.

Dit is die eerste jaar van implementering van die gebruik van afkeurkodes wat deur Reinier van Rensburg inisieer is. Dit blyk 'n uitstekende metode te wees om te evalueer watter ongewenste eienskappe te gereeld voorkom. Sodanig word tendense evalueer en daar sal in die volgende jaar streng teen die betrokke ongewenste eienskap geselekteer word. Soos byvoorbeeld die kort onderkaak, om 'n enkele voorbeeld te noem. Keurders neem kennis! Die versoek is dat alle senior keurders die verantwoordelikheid sal neem om die kodes in te vul op volledige keurdersvorms en verslae, die praktiese toepassing het implikasies op die

AFKEURKODES TYDENS 2013 KEURINGS TOER

DISKWALIFIKASIE KODES	AANTAL	Mees Algemeen
A ALGEMENE VOORKOMS	69	Te plat
B PRESTASIE	43	Gemiddeld van indekse onder 90
C KLEUR	28	Rooi
D HARE	2	Wollerig
E MANLIKHEID/VROULIKHEID	22	Osagtig
F TEMPERAMENT	5	Wild
G KOP	36	Ligte onderkaak
H VOORKWART	10	Los Skouers
I MIDDELSTUK	8	Hol rug
J AGTERKWART	38	Dakkige kruis
BENE EN POTE		
K VOORBENE	3	X Benig
L AGTERBENE	5	Hakkig
M KOOTGEWIG	2	Slap kote
N KLOUE	3	Krul na binne
O STERT	3	Bobbejaanstert
GESLAGSORGANE EN UIER		
P SKROTUM EN TESTIS	17	Te klein
Q SKEDE	4	Prolaps
R VROULIKE GESLAGSORGANE	1	Neig horisontaal
S UIER EN SPENE	0	

vordering van die Ras as ‘n geheel.

REKLAME KOMITEE

Hierdie is ‘n enorme taak en dit is met groot dankbaarheid wat ek Willie Landman(raadslid) bedank vir sy toewyding en onbaatsugtige leiding regdeur die jaar. Dit is prysenswaardig.

Webtuiste	-	Jean van der Merwe en S A Stamboek personeel.
Biljette	-	1 Johann Fourie
Advertensies	-	Willie Landman se naam moet hier genoem word vir die uitleg van advertensies in Veeplaas ,Stock Owner, Stud Breeder, Farmers Weekly en Landbouweekblad.
Reklame borde	-	Daar het nuwe borde verskyn en sommige is in die pyplyn .
Naamborde	-	Borde is beskikbaar by die kantoor .
Artikels	-	Stud Breeder, Landbouweekblad, Farmers Weekly en Veeplaas
Voorblad	-	Landbouweekblad, die eerste keer in die geskiedenis met Rodney Neuman se insette en ook op die voorblad van Veeplaas.
Nuusbriewe	-	Twee uitstekende Nuusbriewe verskyn onder die redaksie van Magiel Blom.Die hele taak rus op sy skouers ,skitterend .
Nampo	-	Fanie van Dyk, Piet de Villiers en Noord-Wes Klub.Liesel Brune en Henk Delport se hulp lei tot die Drakensberger stalletjies se benoeming as die mooiste vir 2013.
Uitstallings	-	Val boere dag – Rodney Neuman Laeveld Landbou skou – Nelspruit - John Joubert Potchefstroom Skou - Willie Landman en Jean van der Merwe. Groblersdal Skou – Willie Hartman
Inligtingsdae	-	Hoëveld Studie Groep by Jonkersdam Standerton - Piet de Villiers OTDK by Hannes Lombaard Noord-Wes Klub by Johann Fourie Neuman Broers Gawie Roux 6+ by Carel Nel SHDK - Tukkies se finale jaar veekunde studente by Louis Botha,Vrede

Opleidings dae - Grootfontein Landbou Kollege- Piet de Villiers , Willie Watermeyer, Grant Naude en Johannes Retief.

Morgenzon Landbou Akademie - Piet de Villiers

Nasionale Jeugskou - Johan van Staden se groep **wen die nasionale kampioenskappe met Drakensbergers**.

Toere onderneem- 6+Telers na die Noord-Kaap.

TEGNIESE KOMITEE

Gawie Roux het leiding geneem in die uitklaring van BVD en die praktiese toepassing en hanterings beginsels is reeds in die vorige nuusbrief uiteengesit. Daar is ook deur die Raad besluit, op aanbeveling van die tegniese komitee, om BVD toetse as 'n uiters sterk aanbeveling voor te stel vir enige veiling. Vel monsters is die aanbevole roete van toetsing.

Daar word tans ook 'n analise gedoen van die speengewigte en 'n streeksindeling word antisipeer, om die gewigte in onderskeie streke duidelik uiteen te sit. Die geografiese distribusie van die nasionale Drakensberger kudde leen hom tot sodanige evaluasie.

Dankie aan die personeel van S A Stamboek vir hulle betrokkenheid by sodanige versoeke .

Die studie van Mia Niemand in sake **die voerkraalprestasie van die Drakensberger** is volltooi. Hiermee het sy haar M Sc graad verdien. Dit het daartoe gelei dat daar n versoek gerig is om die Voerkraal Vereniging toe te spreek en wat toegestaan is.

'n Kort opsomming is as volg:

Willie Landman het tyd in sy besige skedule ingeruim om hierdie belangrike geleentheid by te woon en om belangrike konsepte oor te dra.

'n Voorlegging is gedoen waartydens die resultate van die navorsing gedoen deur Mia Niemand in sake die voerkraalprestasie van die Drakensberger, gemeet aan die gemiddeld van al die rasse in die voerkrale in S A , aan hulle bekend gestel is.

Data vanaf privaat voerkrale is ook getoon, om die verskil aan te toon tussen onderskeie bestuurspraktyke.

Die DBTG het ook die beginsel van n voorbereide kalf, in konsultasie met die voerkraal aankoper, bespreek.

Daar was absoluut geen negatiewe gevoel teen die ras per se nie. Absoluut geen. Inteendeel, die lede het deur die bank bevestig dat die Drakensberger bees baie geskik is as voerkraal bees.

Die observasie dat Drakensbergers soms wel siek word ten tye van hewige temperatuurskommelinge in die winter,ook wanneer dit gepaard gaan met reen, is aan ons genoem. Dit is ook in die navorsing so bevind. Waarom sal die aankoper, wat groot bedrae geld verantwoordelik moet belê in die diere wat hy aankoop, nie die insig toon en diere NIE koop as daar 'n naderende koue front is nie? Sy voerkraal eienaar behoort hom ernstig voor stok te kry oor die onverantwoordelike wyse waarmee hy met die firma se geld omgaan! Hy moet meer ingelig wees. In dieselfde asem gesê, moet die Drakensberger telers ook nie hulle diere verkoop as dieselfde koue front, of nat weer, of watter eienaardige klimaats verandering ookal , op hande is nie. Dit is mos nou suiwer logika .

Verder is dit ook so dat die VERKOPER n oop kommunikasiekanaal met die AANKOPER moet bewerkstellig. Hy moet 'n verhouding opbou met die aankoper, wedersydse verwagtinge moet bespreek word en kommunikasie is die enigste aanbeveling. Dit is wel so dat baie van die Drakensberger beestelers, GEEN OF BAIE MIN, bemarking van hulle eie beeste doen nie. Dit is verkeerd en het negatiewe finansiële implikasies vir jou as teler, wat voorkombaar is. Voorts is dit ook uiters nadelig vir die Ras in die algemeen, asook vir die teler wat NIE diere aan die voerkraal verkoop nie. Wat graag ook wil oorleef met sy beesboerdery en wat diere wil verkoop aan individue wat speenkalwers produseer.

Die idée van die verkoop van die kalwers , wanneer ookal , om hulle weg van die plaas af te kry, sonder inagneming van die weersomstandighede vir die volgende week, met die verantwoordelikheid dan ten volle in die hande van die voerkraal, (dankie tog, die geld is al oorbetaal) is myns insiens selfsugtig en die enkel mees skadelike handeling in die voerkraal sage.! Ons doen dit aan onsself!

Daar is ook gepoog om n strategie te bepaal wat vir beide partye, die teler van Drakensberger beeste en die voerkraal eienaar, finansieël voordelig sal wees.

Die konsep van sertifisering per se, het nie groot bespreking uitgelok nie. Die vooraf immunisering deur Gert du Preez toon 'n voerkraal mortaliteit van slegs 0.27%, met GEEN dier wat weens respiratoriese siektes gevrek het nie. In ons eie geledere is daar 'n persoon wat reeds bewys het dat daar n suksesvolle regimen bestaan as voorkoming van respiratoriese siektes. Die hantering is tog duidelik. Spandeer die geld , immuniseer die diere, dit moet tog in elk geval gedoen word vir al die ander diere, en wees in kontak met die aankoper wat jy self kies. Dit is jou keuse. Die prys sal hoër word vir jou soos wat die vertroue toeneem.

Daar is ook lede van die Voerkraal Vereniging, wat onderneem om al die Drakensberger kalwers te koop . mits hulle vir drie weke alreeds gespeen is. Die beginsel van speen aan weerskante van die draad laat die kalwers baie min gewig verloor, met aankopers wat dit moet weet. Weereens die konsep en die vereiste van goeie, eerlike kommunikasie.

Die Bosberaad van 2011 het ook die onderwerp gedek van die respiratoriese neteligheid in die voerkraal. Oom Danie Bosman het voorgestel dat ons die diere uit die kuddes elimineer wat enige tekens toon van respiratoriese siekte. Is dit nie 'n voorstel om te oorweeg, om met keuring, self of ten tye van keuring op die onderskeie plase, hierdie diere af te keur nie? Hulle het dan reeds kliniese simptome! Dink daaraan, dit moet bespreek word.

Die moontlikheid van 'n genetiese faktor wat verantwoordelik kan wees vir die morbiditeit gekoppel aan respiratoriese siektes, is ook bespreek. Die betrokkenheid van die DBTG by die versameling van materiaal vir DNA evaluasie, het hulle nie verwag nie. Die kort verduideliking dat, om die spesifieke genetiese merker te identifiseer, indien wel, 'n baie moeilike pad kan wees, het die Raad myns insiens, beindruk. Dave Ford het genoem dat 'n baie soortgelyke gesprek in 1989 ook plaasgevind het tussen hom en Eppie Nel met Dave se beskrywing dat die Drakensberger, wanneer hy wel siek word, sieker word en baie moeiliker herstel van siekte. Die dier het , volgens hom , nie die herstel vermoë van baie ander rasse nie. Dit is sy observasie en ondervinding en daar is nie met hom redenaar daaroor nie.

Daar was nie een lid van die Voerkraal vereniging van SA, wat 'n negatiewe opmerking oor die Ras gemaak het nie.

Gesonde bestuurspraktyk van jou kudde, korrekte immunisasie van die diere en die verhouding wat die verkoper opbou met die aankoper, indirek met die voerkraal eienaar ook, is die eenvoudige resep vir sukses.

So eenvoudig, as dit objektief beskou word.

VEILINGS

NASIONALE VEILING 2013

	AANBOD	VERKOOP	%	GEMIDDELD	HOOGSTE PRYS
BULLE	25	17	68	33471	R59 000
KOEIE	13	3	23	26167	R36 000
VERSE	26	14	53.8	9071	R14 000

Baie dankie aan elke teler wat betrokke was by die nasionale veiling 2013. Die diere wat aangebied was was van hoogstaande gehalte en die vertroue word uitgespreek dat daar in 2014 voortgegaan kan word met hierdie besondere geleentheid, die vertoonvenster van vordering in die Ras, die geleentheid om

standaarde te vergelyk en om introspeksie te doen van eie telingstandaarde. Weereens ‘n op uitnodiging om aktief deel te neem aan die veiling waarby elke lid van die Genootskap n aandeel behoort te hê. Aktiewe deelname skep ‘n “esprit de core”, ‘n gevoel van samehorigheid.

VEILINGS RESULTATE VIR 2013.

	2010	2011	2012	2013	HOOGSTE PRYS
BULLE	R22 258 373/487 76.7%	R25 615 440/473 93%	R30 248 318/406 78.3%	R30 830 300/379 79.2%	R345 000
KOEIE	R10 017 122/122 100%	R10628 94/95 95%	R11886 104/115 90.4%	R10 506 77/108 71.3%	R36 000
VERSE	R8 381 27/27 100%	R11 120 27/27 100%	R11 636 33/34 97.1%	R8 905 37/50 74%	R18 000

BESKERMHERE 2013

VEILING	DATUM	BESKERMHEER	BESKERMHEER	LEERDER
NASIONAAL	26/04/2013	CAREL NEL	FANIE VAN DYK PIKKIE UYS	
BUFFALO VALLEY	22/05/2013	JOHAN UYS	KOBUS DAVEL	
NOORD-WES	05/06/2013	WLLIE WATERMEYER		
NOORN-NATAL	03/07/2013	JANNIE JACOBSZ		
ROUVUS	24/07/2013	JANNIE JACOBSZ	JIM ROOS	
OTV ALLE RAS	31/07/2013	JOHN ROOS		
NEUMAN BROERS	01/08/2013	PIKKIE UYS	LOUIS BOTHA	

VEILING	DATUM	BESKERMHEER	BESKERMHEER	LEERDER
KAROO	08/08/2013	LIESL FOSTER	WILLEM RETIEF	LINDO VAN DER MERWE
CALELA	09/08/2013	WILLIE WATERMEYER	PETRUS TALJAARD	
DAVEL/BRACHER	13/08/2013	JOHN ROOS	CALLIE WATERMEYER	
VDK	14/08/13	JOHAN UYS	KOBUS DAVEL	
ROUXVILLE	10/09/2013	LIESL FOSTER		
6+	12/09/2013	JOHANNES RETIEF	GRANT NAUDE	
SHDK	19/09/2013	JAN DHOOGE	PETRUS TALJAARD	UDO BENEKE

Besondere dank aan elke individu wat as Keurder en Beskermheer betrokke was by veilings soos dit deur die jaar gehou is. Die rol van die Beskermheer is aangepas in die sin dat die diere voor 'n veiling nie weer aan keuring onderwerp moet word nie. Die diere het reeds keuring geslaag en die beskermhere moet die funksionele doeltreffendheid van die diere beoordeel. Dit blyk baie suksesvol te wees en die toepassing deur die volgende jaar sal nog meer gestalte kry.

Opsommende Reproduksie Statistieke soos op 1 Julie 2013.

Kuddes met TKP van minder as 400 dae

Teler	Meer as 100 koeie	TKP	Toekenning
J A Rautenbach	**101**	**379**	**Embee Wissel Trofee**
Neuman Broers	172	398	
Teler	**25 tot 99 koeie**	**TKP**	**Toekenning**
J G Ehlers	**34**	**370**	**AS van Niekerk Skild**
Black Hills Drakensbergers	38	374	
E M Schroeder	44	381	
Meulstroom Landgoed	26	381	
M C Blom	36	390	

C J Labuchagne	33	391	
L A Foster	69	396	
F du Toit	62	396	
Neusberg Drakensbergers	78	397	

2013 Preferente en Bes Produserende Koeie

Neuman Broers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
HN97104				*		
HN00089	*			*		
HN01087	*			*		
HN03063	*					*
HN03092	*					*
HN04053	*					
HN04057	*					*
HN04080	*					
HN04094	*					
HN05023	*					
HN05024			*			
HN05031	*					
HN05040			*			
HN05050	*					
HN05061		*				
HN07116	*					

H J van Staden

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BO03012						*
JA040114		*				

E M Schroeder

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
HN970031		*		*		
RM000085		*		*		
RM010005	*			*		
RM010010				*		
SS020001	*			*		
SS020030	*			*		
SS030032	*			*		
SS040006						*
SS050072			*			

G W Roux

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
GR990908			*			
GR990919	*			*		
GR000048	*			*		
GR010112				*		
GR010119		*		*		
GR010135				*		
GR010137				*		

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
GR020233	*			*		
GR020241	*			*		
GR040414			*			*
GR040418						*
GR040421		*				*
GR050506						*
GR050510	*					
GR050514	*					*
GR050517	*					*
GR060601	*					
GR060606	*					*
GR070716	*					

J P Botha

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BJ000035				*		
BJ040015						*
BJ060044	*					
BJ070034	*					

C H Nel

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
CH030020	*					*
CH070006	*					
CH070014	*					

H A Schutte

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
HAS980007				*		
HAS990040				*		
HAS990049				*		
HAS050108	*					

R V Ferguson

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
TTT990035	*			**		
TTT990019				*		
TTT040026						*

M C Blom

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
EMB010196			*	*		
EMB060217	*					

P W B Uys

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
PU010043	*					
PU020080	*					
PU040081		*				
PU060107	*					
PU070039	*					

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
PU070053	*					
PU070106	*					

J S Davel

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
JS030066	*					

E L J van der Merwe

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
DBB060006	*					
DBB070009	*					
DBB070010	*					

J A Rautenbach

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
JA010108				*		
JA050013		*				
JA060014	*					
JA060024	*					
JA060047	*					
JA060085	*					
JA060108	*					
JA060139		*				
JA060143	*					
JA060144	*					

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
JA060154		*				
JA070033			*			
JA070049			*			
JA070071	*					
JA070077			*			
JA070106			*			

J G Ehlers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
AWE030028		*				
AWE040015			*			

0TJIWA Boerdery

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BE000005			*			
ER000053	*					
GR980853				*		
LL030019	*					
LL050008	*					*
LL050025	*					

Van Dyk Broers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
FD980039				*		
FD030034						*

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
FD050002						*
FD060004		*				
FD060006	*					
FD060035	*					
FD060043	*					
FD060051			*			
FD060064	*					
FD070006	*					
FD070008	*					
FD070011			*			
FD070020	*					
FD070029	*					
FD070031	*					
FD070034	*					

J H Potgieter

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
ZP050052	*					

P J Taljaard

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
CB010078					*	

Bezuidenhout Broers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BE060023	*					
BE060030	*					
BE060054	*					

M R Bracher

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
MRB020005	*				*	

Bell Morgan Ranch CC

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BMR000002					*	
BMR030008	*				*	
BMR060193	*					
BV990243	*					

Bloubosput Familie Trust

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
FK010043			*			
FK050053			*			

L A Neuman

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
F990060				*		

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
F990104				*		
F000054				*		
F020013	*					
F020017					*	
F050025	*					
F050034	*					
F050070		*				
F050109	*					
F060019	*					
F060034	*					
F060037	*					

J P Jansen van Vuuren

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
KZ050012	*					

Neusberg Drakensbergers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
NBD030013						*
NBD030031						*

J Fourie

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BF020116						*
BF030003	*				*	

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BF050010	*					
BF060009			*			
BF060018	*					
BF060044	*					
BF060070	*					
BF060101	*					
BF070035	*					
CL050016	*					

Ntique Drakensbergers

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
NY050004		*				
NY070003			*			
NY070018			*			
NY070023	*					
NY080026	*					

L A Foster

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
QH030033		*				*
QH040057			*			
QH040081						*
QH050001			*			*
QH060016	*					

J & E Dhooge

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
AAD040035						*

R J van Rensburg & Seun

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
RJ050140	*					

S P Fourie

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
JA000042				*		

D F du Toit

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BE010015		*				
DF070007	*					

S F Coetzee

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BE040039		*				
JA990043				*		
JA040058		*				
JA060035	*					
JA060108	*					

S G Maritz

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BE000021				*		
BE040041	*					
FD030053	*					
FD050042	*					
JJO050144	*					

D J Bothma

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
KK060028		*				

E G Esterhuizen

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
BMR060208	*					

Chrisjan Boerdery

Nommer	Pref A	Pref B	Pref C	GOUD	SILWER	BRONS
CB030070						*

Koei getalle binne die Ras

Getal koeie	2011 Aantal	2011 %	2012 Aantal	2012 %	2013 Aantal	2013 %
100+koeie	18	24.3	18	23.4	18	24
50-99 koeie	23	31.3	23	29.8	21	28
10-49 koeie	24	32.4	24	31.2	26	34.6
1-9 koeie	7	9.5	6	7.8	5	6.7

Getal koeie	2011 Aantal	2011 %	2012 Aantal	2012 %	2013 Aantal	2013 %
Geen koeie	2	2.7	6	7.8	5	6.7

TKP van kuddes met meer as 25 koeie *(statisties maak dit nie sin om met kuddes met minder as 25 koeie te werk nie*)

TKP	2011 Aantal	2011 %	2012 Aantal	2012 %	2013 Aantal	2013 %
Onder 400 dae	18	28	17	26.02	11	21.2
400-450 dae	27	37.5	26	40	33	63.5
451-500 dae	10	13.9	11	16.9	5	9.6
501-599 dae	5	6.9	3	4.6	3	5.7
Bo 600 dae	1	1.4	-	-	-	-

20 kuddes het minder as 25 koeie of net verse

Ras gemiddelde TKP.

Jaar	2009	2010	2011	2012	2013
Dae	430	432	432	430	428

Die rasgemiddeld het afgeneem met 2 dae, met reuse ruimte vir verbetering. Daar is ongelukkig ‘n afname in die kuddes met ‘n TKP van minder as 400 dae, met ’n toename van kuddes met ‘n TKP van 400 tot 450 dae met 23,5%. Dit is moontlik verklaarbaar deur die impak wat insek oordraagbare siektes op konsepsie gehad het, sowel as die belemmerende droogte toestande in ‘n groot deel van ons land. Dit is nietemin n teleurstellende TKP en daadwerklike stappe sal geneem moet word om hierdie swak syfer te verbeter. Kuddes wat bo die 450 dae syfer val, sal deur die Raad evalueer word en kundige advies sal aangebied word met ‘n daadwerklike plan van aksie. Indien daar nie aan sodanige aksieplan voldoen word nie, sal die Raad definitiewe stappe moet neem om hierdie situasie te verbeter. Dit sal in 2014 implementeer word, ongeag die individu of teler.

SA Stamboek statistieke soos op 31 Desember 2012

(Aangesien dit SA Stamboek se eerste Jaarverslag is, is daar nie vergelykende syfers nie.)

DEELNAME

Ras	Kuddes	Manlik	Vroulik	Totaal
Drakensberger	79	5178	12754	17932
Alle rasse	2298	126920	259668	474112

PRESTASIE GEMIDDELDE

Manlik

	Drakensberger	Drakensberger	Alle Stamboek rasse
Geboorte	1493 diere	35.5 kg	35.4 kg
Speen	1203 diere	228 kg	225 kg
12 maande	608 diere	364 kg	319 kg
18 maande	402 diere	368 kg	426 kg

Vroulik

	Drakensberger	Drakensberger	Alle Stamboek rasse
Geboorte	1494 diere	33.5 kg	33.6 kg
Speen	1176 diere	213 kg	212 kg
12 maande	938 diere	238 kg	259 kg
18 maande	817 diere	316 kg	338 kg

GROEI TOETSE

	Sentrale toetse Drakensberger	Alle Stamboek rasse	Op die plaas toetse Drakensberger	Alle Stamboek rasse
Aantal	57	795	347	1074
Finale gewig	370 kg	410 kg	398 kg	403 kg
GDT	1761 gram	1669 gram	1185 gram	1176 gram
VOV	5.5	6.25		
Skrotum	337 mm	334 mm	330 mm	329 mm
RTU	50 diere	420 diere		

	Drakensberger	Alle Stamboek rasse
OEK	33.4 maande	31 maande
TKP	430 dae	449 dae
Koei/kalf geboorte	7.57 %	7.25 %
Koei/kalf speen	44.7 %	45.5 %

Indien na hierdie syfers gekyk word, is dit baie duidelik dat die Drakensberger telers inderdaad baie het om op trots te wees. Die memorisering van sommige van hierdie syfers sal die kompeterende wêreld waarin ons ons bevind , makliker maak. Is dit nie so dat ‘n ander persoon, met ’n enkele feit ,’n groot hoeveelheid twyfel kan saai deur ‘n goed gemikte opmerking net op die regte tyd nie? Hierdie syfers vertel die ware storie , gebruik dit tot almal se voordeel.

TOEKENNINGS VIR 2013.

1 A S van NIEKERK TROFEE VIR BESTE TKP VIR KUDDES 35 TOT 99 KOEIE

J G Ehlers -370 dae oor 34 koeie

2 EMBEE TROFEE VIR BESTE TKPVIR KUDDES MET MEER AS 100 KOEIE

Johan Rautenbach - 379 dae oor 101 koeie

3 AECI TROFEE VIR DIE KUDDE WAT DIE BESTE VORDERING GETOON HET DIE AFGELOPE JAAR

Genomineerdes: Louis Botha

Johann Fourie

Johan en Pikkie Uys

4 EPPIE NEL TROFEE VIR DIE PERSOON WAT DIE MEESTE GEDOEN HET VIR RASBEVORDERING 2013

Genomineerdes: Willie Landman

Magiel Blom

Johann Fourie

BEDANKINGS

Alle eer aan God, sonder wie se genade ons nie vandag hier sou wees nie. Mag die Here uitkoms gee en ons lei in ons besluite sodat ons alles wat ons doen, doen tot eer van God.

Dit was 'n voorreg om die jaar 2013 aan die stuur te staan van die Drakensberger Beestelersgenootskap. 'n Taak wat makliker gemaak is deur lojale Raadslede en deur doelgerig teikens te bereik en af te merk. Johannes Retief, jou eerlike en opregte betrokkenheid by Drakensberger aksies in die Karoo streek, word erken en hoog aangeslaan.

Baie dankie vir jou , Magiel Blom , dit is n voorreg om saam met jou te kan werk. Jou werksetiek is prysenswaardig , jou presiesheid en deeglikheid gerusstellend en ek het die hoogste agting vir jou lojaliteit en volgehoue ondersteuning. Baie dankie vir jou enorme hulp met die opstel van hierdie verslag , dit is 'n spanpoging .Wanneer die boerdery omstandighede rondom jou moeilik raak, weet dat jy almal se ondersteuning het en weet ons is almal net n telefoonoproep ver.

Mnr John Roos, Ere President , u teenwoordigheid op vergaderings word waardeer en u insette is van baie waarde. U fyn en breë kennis van die onderlinge werkinge van die struktuur van werksaamhede is goud werd, doen so voort.

Aan al die vrouens van Drakensberger betrokkenes, dankie vir julle toewyding en "boer" as die manne rondbeweeg. Vir die spesiale bederf vir keurders op keuringstoere, daardie ietsie ekstra. Julle is die

staatmakers, die oë en die ore op die plaas. Dankie veral vir Hermien en Liana vir hulle moeite met die voorbereiding van die etes tydens die keurders opleiding op Gryshoek.

Dankie aan Marianne en my kinders Ruan, Armandt en Johann, wat my gespartel sprakeloos gadeslaan. Die skaaphond Kiewiet, wat erg behulpsaam is met alle aspekte van beesboerdery en die twee leerling keerders , Doughnut en Coco, julle maak die dae langer en die las ligter . Keer , keer , keer.

'n Voorspoedige jaar vir julle almal, sterkte met die besluite en wees trots op die BESTE BEES IN SUID AFRIKA**, DIE DRAKENSBERGER**.

Johann Fourie